## 25 Julie — Genesis 1:9-10; Amos 9:1-6

### *Aarde en see*

God gee name vir dit wat Hy skep. Met die naamgewing lê Hy duidelike grense en vaste reëls neer. Op die eerste skeppingsdag word lig van donker onderskei. Die lig word dag genoem, die donker nag. Sedert die eerste skeppingsdag volg dag en nag mekaar ritmies op, op bevel van God.

Op die derde skeppingsdag versamel God die waters onder op die aarde op een plek, sodat die droë grond sigbaar word. God noem die droë grond aarde. Die versameling van waters noem Hy see. Die aarde word die woonplek vir die mens en talle diersoorte. Die see word gevul met 'n gewemel van seediere. Tussenin bestaan 'n vasgestelde grens. God stel en handhaaf die grens tussen aarde en see.

Van daardie grens word 'n mens diep bewus as jy op die strand staan. Golwe stroom aan, branders breek met geweld. Volgens 'n vaste orde word dit hooggety en laaggety. Soms springgety. Geen mens beheer die magtige wêreldoseane nie. Inteendeel, hoeveel nietige mensekinders is nie al deur die see ingesluk nie? 'n Mens word stil as jy die hoë deinings en brekende branders aanskou. Diep ontsag vervul jou as orkaan-sterk winde meters-hoë golwe oor die binneland uitstort. God is besig met sy skepping. Hy roep die waters van die see en giet dit uit oor die aardbodem. HERE is sy Naam! Ons Verbondsgod, wat barmhartig én regverdig is. Hy oordeel oor ontrou, maar is ook uiters genadig oor dié wat Hom vrees. Dien Hom met verskuldigde eer, met diepgaande respek.

Sing: Psalm 32:3

Ds. G.J. Meijer (Wonderboompoort)